

Opgestaan

Na aanleiding van die teksgedeeltes wat analiseer is, kan ons nou sekere dogmatiese gevolgtrekkings maak. Hierdie leringe is in lyn met die Skrif, op grond van die Skrif, en nie in navolging van menslike logiese denke nie.

Derde dag

Jesus se opstanding op die derde dag is soms vir mense 'n struikelblok in terme van die getalle-samestelling. Vir die moderne mens is Maandag drie dae na Vrydag. Tog vier ons die opstanding op die Sondag. Hoe kan dit wees? Mense wat hierdie vraag stel maak hulself soms skuldig aan huidige standaarde op die verlede se begrippe toepas. Dit is omdat hulle hul eie tydsbegrip wil toepas in die verstaan van die belydenis. Die Jode het so bereken; vandag is die eerste dag, môre is die tweede dag en oormôre is die derde dag. Dit is nie 'n tydperk van ten minste 72 uur soos baie verwag nie. Vandag (Vrydag) is die eerste dag, Saterdag is môre en is die tweede dag. Sondag (al is dit baie vroeg die oggend) is oormôre en is die derde dag. Die beloftes van Jesus is in die Joodse konteks gemaak, die profesieë is in dieselfde Joodse konteks gemaak. Jesus het in die Joodse gemeenskap geleef en gewerk en het as Jood gesterf. Sy verwysing na die derde dag is dieselfde as die derde dag van die belydenis, en dit is die Sondag. In terme van die geskiedenis moet ons stel dat God met die opstanding op die derde dag 'n nuwe geskiedenis begin, een waar

die dood nie meer regeer nie. "Derde dag" is met ander woorde ook 'n tydsaanduiding van skeiding. 'n Bepaalde tydperk ná die dood aan die kruis, begin die nuwe geskiedenis van die opstanding.

Dit is dalk nou ook raadsaam om die tyd van die belydenis (elke Sondag) te betrek by die gesprek oor die belydenis. Waarom vier ons Sondag as die Sabbat, terwyl dit duidelik is dat die Sabbat die Saterdag is, vra mense soos die Sewendedag Adventiste.

Sabbat

Die eerste Christene het aanvanklik beide Saterdag na die sinagoge gegaan en Sondag byeen gekom om die Opstanding te vier. Soos hulle begrip gegroei het en omdat so baie nie-Jode Christene geword het, het hulle net op die Sondag begin bymekaar kom. Hulle het mekaar gegroet met die woorde: "Die Here het opgestaan!" Hoe impakteer dit op die viering van die Sabbat?

Die kort antwoord is dat die Here Jesus op die Sondag opgestaan het. Hierdie een gebeurtenis het die begin van die herskepping ingelei. Die begin van die nuwe bedeling kan na hierdie gebeurtenis teruggevoer word. Verskeie sake is deur hierdie gebeurtenis in 'n nuwe perspektief gestel.

Die eerste is dat die viering van die Sabbat verskuif het na die eerste dag van die week. Aanvanklik was een van die teologiese redes vir die Sabbat dat die mens die sewende dag moet rus. Ses dae is daar gewerk en op die sewende dag



(Saterdag as Sabbat) is daar gerus. Die nuwe bedeling van God se genade waar ons as mense die ewigheid ontvang sonder enige verdienste, dui op 'n nuwe benadering ook tot die viering van die Sabbat. Ons begin die week met rus, omdat ons van God afhanklik is en niks vanself kan verwerf nie.

Daar is steeds die ritme van ses van die sewe dae werk en een dag van die sewe rus, maar die rusdag is die begin van die week. Ons vier die dag van die Here – die Sabbat – op die eerste dag van die week deur die week te begin met rus.

'n Sorgvuldige lees van die skeppingsverhaal asook die Tien Gebooi sal duidelik aandui dat daar twee teologiese hoofredes is vir die viering van die Sabbat. Die twee redes is skepping en verlossing.

Skepping: Die Here God het in ses dae die hele skepping tot stand gebring. (Hierdie is nie die geleentheid om met evolusioniste in debat te tree nie.) Die Bybel se konsep van die skepping as in ses dae voltrek, dien as voorskrif vir die inkleding van die sewende dag. Die skepping se week-ritme is sewe dae, met ses dae vir werk en een dag vir rus. Omdat God die skepping in ses dae tot stand gebring het en op die sewende dag gerus het, moet ons as skepsels dieselfde ritme behou, 'n ritme van ses dae werk en een dag rus. Die sondeval het die dood en verganklikheid in hierdie bedeling gevestig. Die sonde het gemaak dat die dood die finale woord het in hierdie bedeling. Jesus se opstanding het dit totaal verander, deurslaggewend verander. Die dood het self tot 'n einde

gekom, die dood het self gesterf toe Jesus uit die dood opgestaan het. Hierdie opstanding in die krag van God is die herskepping van die heelal waar dood nie meer die finale sê het nie. Jesus het die hele bedeling herskep tot een waar die ewige lewe in God se genade die laaste woord het. Teologies gesproke kan ons dan stel dat 'skepping' vervang word met 'herskepping'. Die ritme bly daarom steeds ses en een, maar die dag van die **herskepping** word die sleutel gebeurtenis. Wiskundig is ses plus een die sewende dag, maak nie saak waar die sewende op die kalender geplaas word nie. Teologies maak dit daarom sin om die opstandingsdag as Sondag (Sabbat) te vier - as dag van die Here omdat herskepping die skepping vervang het.

Verlossing: Die tweede teologiese rede vir die viering van die rusdag het met **verlossing** te make. Ons lees in Deuteronomium dat God Israel verlos het van die slawerny waarin hulle in Egipte vasgevang was. God het hulle verlos en daarom moet hulle die Sabbat vier. Jesus se opstanding uit die dood het ons verlos van 'n groter onderdrukking. Ons as mense was slawe van die sonde, slawe van ons drange en drifte, slawe van die duiwel. Jesus se opstanding het ons bevry sodat ons God in vryheid kan dien, sonder om ooit weer gehoorsaam te wees aan die sonde. Ons is in die proses ook bevry van die grootste onderdrukker, naamlik die dood. Hierdie bevryding van sonde en dood moet inderdaad met vreugde gevier word. Dit doen ons elke Sondag deur dit as dag van en vir die Here af te sonder.

Opgestaan

Lesers word weer eens herinner daaraan dat ons gewone mensetaal moet gebruik om heerlike en onverstaanbare Godswonders te beskryf. “Opgestaan” is een woord wat ’n gebeurtenis beskryf wat die bekende (en onbekende) heelal op sy kop gekeer het. Die feit dat die woord wat gebruik word om hierdie gegewe aan te dui, in ander kontekste ook gebruik word, het te make met ons onvermoë om die Godswonder onder woorde te kan bring. Gewone taal moet gebruik word om die buitengewone onmoontlikheid wat waar geword het, te beskryf.

Die leë graf, die doeke wat eenkant lê, die klip wat weggerol is, die aardbewing, is almal tekens dat die opstanding plaasgevind het.

Die opstanding word as ’n gegewe feit aan ons gebied. Ons weet met ander woorde van die resultaat, daar word niks oor die proses geopenbaar nie. Ons weet net dat die gebeurtenis deur Goddelike krag moontlik gemaak en tot uitvoer gebring is. Ons teologiese arbeid moet met ander woorde werk met die opstanding as resultaat van ’n gebeurtenis waartoe ons geen kennis-toegang het nie.

Hierdie opstanding was anders as ’n resussitering. Met ’n resussitasie is die mediese span by magte om die proses te beskryf. Hulle kan alle pogings, in volgorde, dokumenteer. Dit was met ander woorde nie net iemand wat klinies dood was en toe wonderbaarlik weer begin asem haal het, net om op ’n latere stadium weer tot sterwe te kom nie.

Al word meer as een metafoor gebruik om die resultaat te beskryf – soos opgewek of

opgestaan – is daar een stel feite wat beskikbaar is. Die Jesus wat aan die kruis gesterf het en wie se lyk begrawe is, leef weer. Hy het aan meer as een getuie verskyn en het interaksies met verskeie getuies gehad oor ’n tydperk.

Hy was dieselfde en tog heeltemal anders. Ons kan praat van kontinuïteit en diskontinuïteit. Kontinuïteit van wese kom na vore in elke ontmoeting waar Sy dissipels en ander Hom herken het. Diskontinuïteit verwys na die kere waar Hy nie onmiddellik herken is nie. Die eerste ontmoeting in die tuin en die gesprek met die Emmaus-gangers is voorbeelde daarvan.

Ons kan ook praat van kontinuïteit deur te verwys na Jesus se uitnodiging aan Tomas om sy vingers en hand in die wonde te steek. Jesus het vis geëet. Ons sien die diskontinuïteit in die feit dat Hy verskyn en verdwyn, dat Hy skielik teenwoordig was daar waar die deure gesluit was en geen ander mens kon inkom nie.

Fisies – Uit die teksgedeeltes wat behandel is, is dit duidelik dat Jesus fisies uit die dood opgestaan het. Die doeke wat om Sy lyk was, is netjies langs die graf.

Hy eet en nooi Tomas uit om aan Hom te raak. Hy vra ook dat die vroue in die tuin nie aan Hom raak nie. Sy dissipels sien Hom van ver af op die strand staan, en vele ander voorbeelde. Jesus het vleeslik opgestaan, na die vlees herskep. Dit kan ook nie anders verstaan word nie.

Ons lees in Johannes 1:14 *En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon.* Vlees geword beteken dat Hy ook na die vlees moet opstaan. Die

mense wat hierdie vleeslike van die opstanding wil misken, wil die Evangelie verskraal om by hulle sinnelikheid aan te pas.

Baie meer as net fisies – Dit is uit die Skrif duidelik dat Jesus se opstanding ook iets anders tot gevolg gehad het. Ons noem dit in die begrafnisformule die **verheerlikte liggaam**. Sy fisiese is herskep om soveel meer te wees. Ons kan stel dat Jesus se fisiese omskep is na die ewige, verheerlikte liggaam wat vir elkeen van ons tot troos en hoop dien.

Hierdie opstanding is 'n daad van die Vader. Dit word duidelik uit die teksgedeeltes wat gebruik maak van die metafoer “opgewek” om die resultaat van die geheimenis te beskryf. Dit is tegelyk 'n daad van die Seun self. Dit word duidelik uit die gebruik van die metafoer “opgestaan”. Dit het met krag gebeur. Die Heilige Gees was betrokke. God is in aksie by die opstanding. Waar Jesus uit eie keuse magteloos slagoffer was aan die kruis, het God Drie-Enig met mag opgetree tydens die opstanding. Ons kan al hierdie sake bloot bely in ons geloof, maar nooit verklaar of uitpluis nie.

Uit die dood

Die herhaling van die term uit die dood, is om te beklemtoon dat Jesus nie in 'n koma of skyndood verval het nie, maar letterlik teruggekeer het uit die onherroeplike.

Vir die mense wat die dwaling van Bultmann aanhang, is dit belangrik om te hoor dat Hy uit die dood opgestaan het, nie in die kerugma (verkondiging) nie.

Jesus het nie net in die gedagtes, daad en openbare optredes van Sy dissipels “voortgeleef” nie. Sy opstanding was nie

“in die verkondiging” nie. Hy het uit die dood opgestaan en daarom het die verkondiging plaasgevind. Ons verstaan nie die opstanding as 'n hermeneutiese instrument wat gebruik word om Jesus se lewe en dood te interpreteer nie. Die opstanding is die historiese gebeurtenis wat ons dwing om Jesus se lewe en dood anders te verstaan. Jesus se lewe en dood word duidelik as een van lyding en sterwe deur die Seun van God, ons ter wille.

Die Gekruisigde is die Opgestane Heer. Anders gestel, dié Jesus wat gekruisig is en gesterf het, is die een wat uit die dood opgestaan het. Daarmee saam bely ons dat die Opgestane Heer die Gekruisigde is. Die Evangelie kan alleen gelees en verstaan word; indien hierdie twee feite aangaande Jesus bely en verkondig word. Albei gebeurtenisse het in die geskiedenis plaasgevind. Van die kruis kan ons die meeste weet, van die opstanding net die resultate verkondig. Hierdie dood en opstanding is die bron van die nuwe lewe waarna elkeen van ons kan uitsien.

Die geheimenis van die opstanding en die feit dat die sluier nie maklik gelig kan word nie, kan illustreer word deur die Heidelbergse Kategismus nader te trek. Net een vraag word gestel en beantwoord. Ons lees in Sondag 17 “45 Vraag: *Watter nut het die opstanding van Christus vir ons? Antwoord: Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak. Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek. Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n*

betroubare waarborg van ons salige opstanding.

Opstanding uit die dood kan deur sommige verstaan word as 'n sikliese proses soortgelyk aan die winter – somer siklus. Jesus het nie gesterf om op te staan en dan weer te sterf en weer op te staan in 'n oneindige siklus nie. Die opstanding uit die dood is eintlik 'n lewe in die dood. Jesus se opstanding het met ander woorde die einde van die dood bewerkstellig. Sy opstanding uit die midde van die dood, beteken dat die dood self gesterf het. Na hierdie opstanding het die dood geen krag meer nie, Hy kan nie weer sterf nie. Nog anders gestel, terwyl Jesus in die midde van die onherroeplike van die dood was, het Hy begin lewe en die dood van binne vernietig. Die dood - is dood.

Daar is 'n tradisie wat binne die Christendom leef wat staat maak op Griekse filosofie. Die filosoof, Plato, se onderskeid tussen liggaam en siel/gees word gehandhaaf. Dood beteken in die Plato denkraamwerk se konteks dat die liggaam sterf en die “onsterflike siel” dan voortleef en (in die geval van Christene) na die Vader gaan. Hierdie tradisie van onsterflikheid het ook 'n negatiewe impak op ons verstaan van die opstanding. Op die meeste kan ons dan slegs stel dat die gees die liggaam vir drie dae verlaat het en toe weer met die liggaam herenig is. Die Evangelie getuig egter dat Jesus se dood God se radikale verwerping en straf insluit. God vernietig alles wat met die sonde besmet is. Jesus se totale dood is nodig om die volle prys vir ons totale verloreheid as gevolg van die sonde, te

betaal. Uit hierdie totale dood gebeur die onmoontlike en Jesus staan op, opgewek deur die Vader. Die radikaliteit van die dood en opstanding van Jesus, moet ons tot dieper nadenke bring. Daar is nie iets soos die onsterflike siel van die mens nie.

Die sonde het die totale mens gekorrumpert, en daarom moet die totale mens sterf. Jesus se totale opstanding beteken ook dat ons totaal hernuwe sal word, as lewende siele (liggaam en gees – hoe dit ook saamgestel is).

Indien ons siele onsterflik was, sou God mos maar op geestelike vlak die versoening laat geskied het, en die hele fisiese en aardse tot niet laat gaan het. Ons sou graag onsterflikheid as 'n eie eienskap wou opeis. Dit kan nie.

Opstanding as God se nuwe daad maak die ewige lewe 'n geskenk wat ons onverdiend ontvang, nie 'n eienskap wat God gesuiwer het nie. Onsterflikheid impliseer ook kontinuïteit. Die kruis en leë graf vertel van 'n radikale nuwe begin. Die herskepping is nie 'n herrangskikking van die bestaande nie, dit is 'n radikale nuwe begin waar die ou orde totaal herskep word.

Volgens die Skrifte

Hierdie opstanding was geen verrassing nie. Dit was lank reeds in die Ou Testament voorspel. Ons kan begin by Genesis 3:15 (die Moederbelofte) en die beloftes van die Messias gaan terugvind. Die profete het dit verkondig, daar was prototipes en die volk het dit verwag.

Ons is Christene omdat die opstanding 'n historiese feit is. Wie die opstanding bevraagteken is geen Christen nie.